Nuusbrief 10 van 2024
14 Junie 2024




# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

## Liewe Ouers

Wat 'n ongelooflike, besige kwartaal! Ons is dankbaar om te kan terugkyk na 'n geseënde kwartaal propvol uitstekende prestasies!

Baie dankie aan elke ouer, borg en ondersteuner wat ons kinders langs die sportveld ondersteun het – ons waardeer julle!

Sewe van ons seuns gaan gedurende die vakansie provinsiale- of streekstoernooie bywoon. Baie sterkte aan Brandon Baker, Jordan Ferreira, Siya Khaba, Dilyn Claassens, Thabiso Leeu, Sam Dlamini en Dian Wagenaar.

Drie van ons afrigters, mnre. Frans Kruger, Adriaan van Niekerk en Divan Eloff gaan ook saam met provinsiale- en streekspanne as afrigters en/of spanbestuurders toer.

Baie sterkte! Mag dit vir elkeen van julle 'n ongelooflike ervaring wees!

'n Seënbede:

Die Here is VOOR jou om die weg gelyk te maak.
Die Here is LANGS jou om jou in Sy arms toe te vou.
Die Here is AGTER jou
om die aanslag van die Bose af te weer.
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val.
Die Here is RONDOM jou om jou te beskerm.
Die Here is BOKANT jou om jou te seën.
Die Here is BINNE jou om jou te lei.

Geniet die vakansie en indien u iewers heen ry, wees veilig
**Die skool heropen op Dinsdag, 9 Julie om 08:00.**

Onthou: wéés JY die verskil!

**Vriendelike groete**
**Brenda Hoffman**

## SPORTUITSLAE

| | | |
|---|---|---|
| **HOKKIE** | 1STE | Hennenman 2<br>Riebeeckstad 0 |
| | 2DE | Hennenman 0<br>Riebeeckstad 0 |
| | 1STE | Hennenman 1<br>Gimnasium 0 |
| | 2DE | Hennenman 1<br>Gimnasium 0 |
| **NETBAL** | 2DE | Hennenman 10<br>S. Andrew's 12 |
| | O/15A | Hennenman 22<br>S. Andrew's 12 |
| | 1STE | Hennenman 51<br>Theunissen 10 |
| | O/15A | Hennenman 27<br>Theunissen 9 |
| | O/14A | Hennenman 16<br>Theunissen 12 |
| **RUGBY** | 1STE | Hennenman 3<br>Riebeeckstad 0 |
| | o.16 | Hennenman 10<br>Riebeeckstad 49 |
| | o.15 | Hennenman 10<br>Riebeeckstad 26 |
| | 1STE | Hennenman 20<br>Bultfontein 17 |
| | o.16 | Hennenman 10<br>Bultfontein 45 |
| | o.15 | Hennenman 5<br>Bultfontein 48 |

## BAIE GELUK

**AAN DIE VOLGENDE SPANNE:**

**LIGAWENNERS:** Netbal o.15 & o.14
**LIGA NAASWENNERS:** Netbal 2de & 1ste

Ons is TROTS op julle!